

Sing vooraf staande: Psalm 98:1 (p. 488)

- 1 Sing nuwe lof aan God die HERE, / die God wat wonders het gedaan;
sy regterhand, vol sterkte en ere, / sy heil'ge arm bring redding aan.
Hy het sy heil en alvermoë / die volkere alom gemeld;
geregtigheid blink voor hul oë / soos sonnestrale oor berg en veld.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige
werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 18:1, 11 (p. 71)

- 1 Ek het U hartlik lief, o HEER! / U is my sterkte en teëweer.
Die HEER 's my rots, my vesting sterk, / my redder wat my heil bewerk,
my rots wanneer die stormwind huil, / my skild, die weerkrag van my heil,
my vesting op die bergkrans steil, / by wie ek vas en veilig skuil.
- 11 Sy ordening, dié was voor my, / ek het sy woord getrou gebly.
Ek was opreg van hart voor Hom / en wou op onregspad nie kom;
sodat die HEER, sy trou tot prys, / en na die reinheid van my hand,
sy woord gegee het as my pand / en my my reg het toegewys.

Geloofsbelydenis: Apostolicum

Na die Wet sing ons Psalm 4:3 (p. 15).

Wet

Psalm 4:3 (p. 15)

- 3 Wil jul aan Hom 'n offer gewe? / Die offer wat die HEER aanskou,
is in opregtheid reg te lewe, / en Hom alleenlik aan te klewe, / op Hom alleen jul hoop te bou.
Hoe baie vra terneergeboë: / Waar vind ons ooit die ware goed?
Verhef oor ons u Vaderoë, / sien op ons neer in mededoë, / verlig ons hart en ons gemoed!

Gebed

- *Doksologie:*
- *Aanbidding:*
- *Skuldbelydenis:*

Vergifnis:

- *Dank:*
- *Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk,
owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God*
- *Algemene bede:*
- *Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:*

Amen.

Psalm 31:15 (p 147)

- 15 Hoe groot is, HEER, u seënstrome / vir wie opreg van gees / wil wandel in u vrees!
Hoe groot die vreugde van die vrome, / as almal klaar bemerk het / die heil wat U bewerk het.

Skriflesing: Esegïel 17

Teks: Esegïel 17:9

**So spreek die Here HERE: sal dit voorspoedig wees? Sal hy nie die wortels
daarvan uitruk en die vrugte daarvan afsny, sodat dit verdroog, ja, verdroog in al
sy uitgespruite blaartjies nie? (Esegïel 17:9 AFR1953)**

Hoe dikwels het enige een van ons al 'n eed verbreek wat ons met God gesluit het?

- Besef ons altyd dat God so iets geweldig straf met totale verdelging?

Ons het 'n doopbelofte afgelê.

- Die belofte is nie aan die predikant of aan die kerk gemaak nie.
- Toe ons die belofte gemaak het, het ons aan God beloof dat ons die kinders wat God ons gegee het, sal opvoed en onderrig in die vrese van die Here.
- Besef u hoe baie van ons daardie eed verwaarloos?

Net so het ons belydenis van geloof afgelê en aan God beloof om in die leer van die Woord te volhard soos dit in hierdie kerk geleer word.

- Die kerk hier leer dat daar volgens die Woord van God twee samekomste met God is – elke Sondag.
- Sondagaand is die kerk halfvol. Dit beteken dat ons 'n eed teenoor God verbreek.

Ons hou niks van oneerlikheid teenoor ons nie. Die vraag is egter of hierdie soort van optrede nie oneerlikheid teenoor God is nie.

Daar word sakramente aangebied en u word by huisbesoek daarop gewys dat u na die Nagmaal toe moet kom om dit by te woon. Dan gebeur dit so dat van ons kom aansit met groot vrymoedigheid terwyl sommiges van ons weet dat ons moedswillig is teenoor die Here omdat sommiges:

- nie gereeld kerk besoek nie;
- nie huisgodsdienste hou en God behoorlik aanbid nie;
- ons kinders ook nie uit die Bybel onderrig nie;
- doelbewus vloek en skel wanneer ons kwaad is.

Kom ons leer saam uit die Woord van God wat gebeur met so 'n eedverbreking.

Esegiël is van priesterlike afkoms. Hy bly in Babel.

- Hy was onder die Jode wat saam met Jojagin weggevoer is Babel toe en hy woon by die Kebarrivier.
- Maar al woon hy in Babel, het hy noue voeling gehad met Palestina, die land van sy vaders.

In Palestina leef die koning Sedekia nie volgens die wil van God nie.

- Hy pleeg ontrou en eedverbreking teenoor die Here.
- As straf gaan die Here Jerusalem verwoes.
- Hierdie verwoesting van Jerusalem gaan nie 'n strafvervulling wees oor sondes wat die volk lank gelede gedoen het nie, maar 'n straf omdat Sedekia hier teen die Here oortree het.

Die agtergrond van hierdie geskiedenis staan in 2 Konings 24 neergeskryf.

- Nebukadnesar het Jerusalem verower.
- Hy het al die vooraanstaande mense weggevoer na Babel toe – ook die koningshuis.

Nebukadnesar het egter een van die stam van Dawid geneem en hom koning gemaak oor Israel.

- Sy naam was Mattanja, maar Nebukadnesar het dit verander na Sedekia.
- 2 Konings 24 word afgesluit met die woorde dat Sedekia gedoen het wat verkeerd was in die oë van die Here en *dat die toorn van die Here daarom oor Jerusalem gekom het.*

Esegiël wil nou hierdie bittere feit onder die Israeliete in Babel se aandag bring.

- Omdat hy hulle volle aandag wil hê vir hierdie saak, vertel hy dit in 'n raaiselvorm.
- Dié metode was in daardie dae baie gewild onder die Oosterlinge.

Hy begin om 'n arend te teken wat uit die hoogtes neerswiep op sy prooi, maar dit is nie 'n gewone arend nie.

- Hierdie arend waarvan Esegïel verhaal, het groot vleuels gehad – lang vlerke, vol veelkleurige vere.
- Dit het die Israeliete goed verstaan. Dit was 'n magtige koning, met 'n groot ryk.
- Dit word in hierdie raaiselagtige gelykenis uitgebeeld deur die groot vleuels en lang vlerke.
- Hierdie koning het oor talle nasies regeer. Dit is die talle veelkleurige vere wat hy gehad het.

Hierdie arend het uit die hoogte neergeduik op die magtige Libanongebergte.

- Die Jode het in dié tyd die Libanon as die koning van die berge beskou.
- Hier het die beste sederhout gegroei.
 - Die sederhout wat hulle in 1 Konings 7 vir die bou van die paleis gebruik het.
 - Die seders waarvan Esegïel praat, is dus die simbool van Dawid se koningshuis.

Hierdie arend het die top van die sederboom op die Libanon afgepluk en weggeneem.

- Dit beteken dat hy die koningshuis weggevoer het in ballingskap.
- Israel se hoop en toekomsverwagting is hierdeur afgesny.

Maar in hierdie raaisel tree die arend anders op as wat 'n voël normaalweg sou doen.

- Die top van die boom word nie weggegooi of gebruik om nes mee te maak nie.
- Die top van die seder word in die koopmansland neergesit.

Die arend het ook woens gewerk met die land.

- Hy het nie net die top van die seder weggeneem nie.
- Hy het ook ander saad geneem wat hy in 'n saailand gaan plant het.
- Hy het ook druiweranke geneem.

Hierdie gedeelte het die Israeliete wat hierna geluister het, baie goed geken.

- Hulle het dit aan hulle eie lyf deurgemaak.
- Nebukadnesar het nie net die koningshuis weggevoer nie, hy het alle edeles en vooraanstaandes weggevoer na Babel toe.

Maar Nebukadnesar het Palestina nie net verwoes nie.

- Hy het daar by baie waters 'n oewergewas geplant –
- 'n druiwestok, wat inderdaad met die baie waters gegroei het totdat dit 'n breë wingerdstok geword het, wat sy ranke na die arend toe moes draai.

Dit beteken dat Sedekia in Palestina koning gemaak is.

- Hy het alle voorwaardes vir voorspoed en bloei van Nebukadnesar ontvang, maar hy moes sy ranke na die arend toe draai.
- Dit beteken dat hy sy winste aan Babel moes gee.

Sedekia is net met een voorwaarde op die troon geplaas in Jerusalem en dit is om die koning van Babel te dien.

- Hy moes ook as bufferstaat dien tussen Babel en Egipte.
- Daarom kies die koning van Babel 'n onbekwame man om koning te wees.
- Hy is nie 'n boom nie; hy moet 'n wingerdstok word. Die koning van Babel moet hom nog na sy hand leer sodat Babel al die vrugte kan pluk wat Palestina oplewer. Aanvanklik het dit so uitgewerk, want hierdie lootjie het 'n wingerdstok geword wat baie lote uitgeskiet het.

Dan begin vers 7 om te verhaal waar die sonde in die optrede van Sedekia was.

- Daar was nog 'n arend met groot vlerke en baie vere – Egipte.
- Maar dit was 'n wêreldmag van die tweede orde. Dit het nie sulke groot vlerke gehad soos Babel nie en ook nie onder sy heerskappy soveel volke gehad nie.

Sedekia het toe na hom toe gegaan om hom van Babel te verlos. Sal dit voorspoedig wees? Sal die Here hierdie optrede seën?

Die dag toe Sedekia as koning ingesweer is deur die koning van Babel, moes Sedekia by die Here 'n eed sweer dat hy aan die koning van Babel getrou sal wees en dat hy hom nie sal verrai nie.

- Hierdie verraad dat hy oorloop na die koning van Egipte toe is nou 'n verbreking van die eed wat hy by God gesweer het om teenoor Babel getrou te bly.

Daarom word daar van vers 9 af nie meer oor die arend gepraat nie, maar word daar met die druivestok self gepraat.

- Sy wortels gaan uitgeruk word en sy vrugte afgesny word.
- Hierdie wingerdstok gaan totaal vernietig word.
- Die onvermydelikheid van die saak word ook daarin uitgebeeld dat die wortels losgeruk en uitgeruk gaan word. Finaal.

Sal dit voorspoedig wees om 'n eed teen God te verbreek? Nee.

- Hierdie eed was teen sy vyand geneem, maar die Here is ingeroep as getuie vir die waarheid van die saak.
- As jy nie eers 'n eed teen jou vyand mag verbreek nie, hoeveel ernstiger is ons geval nie, waar dit net ons en God is wat by die saak betrokke is?!

Vers 10 vra ook weer: Sal dit voorspoedig wees?

- Die oostewind gaan hom aanraak op die bedding waar hy uitgespruit het.
- Die Israeliete het hierdie oostewind gevrees.
- Dit het met 'n geweldige hitte uit die woestyn gekom en doodeenvoudig alles voor hom uit weggeskroei.

Hierdie preek van Esegïel moes vir die Israeliete 'n geweldige skok gewees het, want hulle het geglo dat Jerusalem nie kon ondergaan nie.

- Hulle het ook geglo dat die huis van Dawid nooit die troon sou verloor nie.
- Nou word hier aan hulle vertel dat sowel Jerusalem as die koningshuis van Dawid met wortel en tak uitgeroei gaan word.

Al is die ballinge nou in Babel en Sedekia in Jerusalem, die ballinge loop ook deur. In vers 12 sê die Here:

Spreek tog met die wederstrewige huis: weet julle nie wat hierdie dinge beteken nie?
(Esegiël 17:12a AFR1953)

Die ballinge is nie sonder skuld nie.

- Hulle het nog altyddeur geweier om die geskiedenis in die lig van God se eise te sien.
- Dit is ook juis waarom hulle hier in ballingskap sit. Hulle wou nie luister en glo dat hulle teen God sondig nie.
- Daarom het die Here hulle gestraf en deur die Babiloniërs laat wegvoer.
- Nou wil die Here hê dat hulle goed moet besef dat Hy Jerusalem nog verder gaan verwoes omdat Sedekia 'n eed verbreek het wat hy by God gesweer het.

En hieroor hoef die volk nie te twyfel nie.

- Hulle was almal teenwoordig toe Nebukadnesar in die jaar 597 v.C. Sedekia met 'n eed ingesweer het as die nuwe koning oor die gedeelte van die volk wat sou agterbly.
- Al was Nebukadnesar 'n heiden, het hulle tog die gebruik gehad om in sulke gevalle die nuwe koning aan hulle te laat trou sweer by hulle eie gode omdat hulle vertrou het dat die betrokke konings hulle dan nie maklik in die rug sou steek nie.

Daarom het Sedekia inderwaarheid 'n eed afgelê waaraan hy getrou moes bly, en dit ten alle koste moes gehoorsaam. Vers 13 beskryf hierdie gebeurtenis:

Toe het hy een uit die koninklike geslag geneem en met hom 'n verbond gesluit en hom 'n eed opgelê, . . . (Esegiël 17:13 AFR1953)

Vers 15 vertel weer van die verbreking van hierdie eed:

Maar hy het teen hom in opstand gekom, deur sy gesante na Egipte te stuur, dat hulle hom perde en baie manskappe sou gee. Sal hy voorspoedig wees? (Esegiël 17:15 AFR1953)

Weer die vraag of die seën van God nou kan rus op so 'n verbreking van 'n eed in die Naam van die Here? En nou onmiddellik na hierdie woorde vra die profeet: Sal hy ontvlug wat sulke dinge doen? Sal hy die verbond verbreek en tog ontvlug?

Dit is die beslissende punt wat die profeet wil maak.

- As jy 'n verbond verbreek, skend jy die heiligheid van God en kom jy die Naam van God te na.
- Dit laat God nie sommer daar nie. Die Here word dus ter wille van sy eie eer verplig om meer as net 'n toeskouer te wees in hierdie eedverbreking.
 - Nie net om Israel en Sedekia te straf nie.
 - Nee, God moet ook aan die heidene bewys dat Hy selfs nie eers teen hulle 'n verbreking van sy eer duld nie.
 - Hy is regverdig en heilig en daarom straf Hy verbondsbreuk konsekwent.

Waar pas die dood van Christus in hierdie gedeelte?

- Só: van die skepping af, soos in hierdie tyd van die ballingskap waarin Israel nou is, het die mense regdeur die genade van God verwerp.
- In die paradys het dit gebeur deurdat ons van koning verwissel het.
 - Gehoorsaamheid aan God is verruil vir gehoorsaamheid aan Satan.
 - Dit is die rede vir Israel se Godsverlating.

Koningloos het ons ballinge geword in ons eie tuiste.

- Maar God het ons Koning na ons toe teruggestuur. Jesus Christus het 'n mens geword en onder ons kom leef.
- Maar ons het Hom soos 'n eedverbreker behandel en Hom met wortel en tak uitgeroei.
 - Ons het Hom verag toe Hy geleer het.
 - Ons het Hom gekruisig soos 'n moordenaar in die plek van 'n bendeleier omdat Hy gesê het dat Hy ons verbond met God kom herstel.

Maar al het die bloedsweet van angs uit sy voorhoof gedrup toe Hy in Getsemane gesmeek het dat hierdie beker by Hom moes verbygaan, het Hy sy eed met God nie verbreek nie.

- Die eed dat Hy die slang se kop sal vermorsel en dat Hy kom as die beloofde Messias, dat Hy sy lewe kom aflê vir die wat vashou aan die beloftes van God, het Hy nie verbreek nie.
- Hy het gesterf sodat God Hom in ons plek gestraf het vir die eedverbreking wat ons gepleeg het.
- Ons moet elke dag glo en bevestig dat daar vir ons verlossing gekom het deur sy kruisiging.

Dit is waarvan die Here praat as Hy in Esegïel 17:22 sê dat Hyself 'n steggie sal inlê.

- 'n Teer plantjie wat sal groei in 'n boom wat takke sal dra en 'n heerlike seder sal word, waarin voëls van alle soorte sal woon.
- Soos wat hierdie belofte Israel nie sonder verontskuldiging gestel het nie, so stel dit ook nie een van ons sonder verontskuldiging nie.
- Ons moet in elke opsig elke eed en trou wat ons aan God gesweer het, handhaaf.

Ons moet by elke geleentheid wat daar is om te aanbid, saamkom om genade en versterking te ontvang om die stryd om eerlik te kan lewe, te kan stry.

- Ons moenie skynheilig wees en soos Sedekia ingesweer word om te regeer (te regeer oor die sonde), maar intussen het ons verraad in ons hart nie.
- God sal ons nie ongestraf laat bly nie. Sy heiligheid is teen sulke dinge in verset.

Ontvang die krag om self die beloftes aan God te kan nakom.

- Moenie jou verbondskinders net aan die onderwyser se opvoeding oorlaat nie.
 - Hy/sy het ander werk met jou kind.
 - Sy knie is nie die plek waar jou kind kennis en liefde vir God moet leer nie.

Hoeveel keer hoor ons nie die skandelijke woorde by huisbesoek dat ons kinders nou al so oulik is, want hulle het nou al so baie dinge uit die Bybel geleer by die skool of op 'n kamp of waar ook al nie.

- Met ander woorde, jy as 'n ouer is 'n eedverbreker. Jy het dit nie vir hom geleer nie.
- Kan jy met vrymoedigheid Nagmaal gebruik as dit so is? Ja, as jy die krag van God wil ontvang om hierdie eedbreuk te oorwin. Maar as jy die saak net so wil laat, mag jy nie aan die tafel aansit nie.

Hoe eerlik lewe ons? Hoeveel weet ons regtig van die geloof?

- Weet almal van ons regtig waarom dit in die verlossing deur die Here Jesus Christus gaan?
- Dis ernstig, want ons het lidmate wat die drie maande tussen Nagmaalsvierings nie gereeld in die eredienste was om die genade te hoor waarvan Jesus Christus ons aan die Nagmaaltafel verseker en aan ons bevestig nie!
- Maar met Nagmaal sit ons hier!
- Sulke gelowiges het dus alleenlik die reg tot die Nagmaaltafel as hulle die vaste voorneme het om in die toekoms te verbeter en die versterking daarvoor van God verlang.

Hier is onder ons wat die Naam van God misbruik wanneer ons gesels.

- Ydellik gebruik – soos die Tien Gebooie dit stel.
- Waarom kom u na die eredienste toe as u hierdie God van beloftes se Naam gebruik om te vloek en te laster?
- Dan is u 'n skynheilige eedverbreker.

Sal dit voorspoedig wees as u onder sulke omstandighede sonder 'n deeglike selfondersoek die seën van God verwag? Sal God nie sulke mense in die lewe ontwortel en die vrugte van hulle lewe wegneem nie?

Christus het aan die kruis gesterf vir genade vir die wat werklik stry en die geloof behou.

- Hy het gesterf vir die wat die eed teenoor God verbreek in swakheid terwyl hulle werklik daarteen veg. Soos ons Nagmaalsformulier dit stel: sondes wat teen my wil in my oorbly.
- Hy sterf vir mense wat oneerlik en gedagteloos lewe ook – maar vir hulle oordeel en verderf.
 - Sodat Hy hulle kan uitruk omdat hulle hulle takke na 'n ander arend toe gedraai het, terwyl Hy 'n verbond met hulle gehad het.
 - Vir selfondersoek in ons elkeen se persoonlike lewe voor die Here moet ons onself afvra: Sal ek voorspoedig wees?

Amen.

Slotgebed.

Slotpsalm 146:6 (p. 701)

- 6 Dis die HEER se mededoë / wat die blinde oog verlig;
wie in stof lê neergeboë, / word deur Hom weer opgerig.
Hy bemin die wat opreg / wandel in sy woord en weg.

Die HERE sal jou seën en jou behoed;

Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;

Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Gereformeerde Kerk Bellville
Datum: 19 September 2010